

DEEL TWEE

AANBEVOLE ADMINISTRATIEWE PROSEDURES VIR DIE HANTERING VAN VERSOEKE GERIG INGEVOLGE DIE WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING, 2000 (WET 2 VAN 2000) BINNE DIE INRIGTING

MOONTLIKE ROLSPELERS IN DIE HANTERING VAN 'N VERSOEK:

- **VERSOEKER**
- **VB (ADMINISTRATIEWE PERSOON/KLERK VAN INRIGTING)**
- **SVB (DEPARTEMENTSHOOF VAN INRIGTING)**
- **AIB (ADJUNK-PRINSIPAAL)**
- **SOEKERS (ADMINISTRATIEWE PERSONEEL VAN INRIGTING)**
- **DERDE PARTY(E) WAAR VAN TOEPASSING**
- **REGSADVISEUR/PROKUREUR (DEUR INRIGTING AANGESTEL)**
- **IB (HOOF VAN INRIGTING)**

1. **DIE VERSOEKER/VERSOEK**

Die versoeker rig 'n versoek om toegang tot inligting deur die voorgeskrewe **Vorm A** in te vul. (Hierdie vorm is ingesluit by die Regulasies wat op 9 Maart 2001, saam met die Wet, in werking getree het.)

2. **ONTVANGS VAN VERSOEKE**

2.1 **Stap Een**

- 2.1.1 Alle versoeke word deur 'n geïdentifiseerde beampte, die sogenaamde SVB by 'n inrigting se **nodale punt** (SVB se kantoor) **in ontvangs geneem**. Hy of sy verwys die versoek na die VB van die betrokke inrigting vir verdere afhandeling.
- 2.1.2 Enige persoon wat elders in die inrigting navraag doen oor indiening van versoeke ingevolge hierdie Wet, moet dus na die betrokke SVB van 'n inrigting verwys word. Dit geld ook vir telefoniese of skriftelike navrae wat in dié verband moontlik ontvang mag word.

- Artikel 23(3): 'n Kennisgewing dat 'n rekord verlore of vernietig is, word geag 'n besluit te wees dat die versoek om toegang geweier is. Hierdie besluit sal aan 'n interne appèl onderwerp kan word (artikel 74(1)(a)).
- Indien daar gronde bestaan om te glo dat die rekord vernietig is met die doel om openbaarmaking daarvan te verhoed, bied artikel 90 'n alternatiewe regs middel in die vorm van strafregtelike sanksies.
- Artikel 23(4): Indien die rekord opgespoor word nadat daar kennis gegee is dat dit nie opgespoor kan word nie, moet die IB die versoek om toegang daartoe oorweeg. Die versoeker hoef in so 'n geval nie weer 'n formele versoek in te dien nie.

EINDE VAN DEEL TWEE